

3 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 17:1-19
Fokusgedeelte: Lukas 17:5

Geloof in God is ‘n onverdiende gawe

Dag na dag het die twaalf dissipels van Jesus die voorreg gehad om Hóm te hoor preek en dag na dag het hulle Hóm sien wonders doen. Hulle het die genade beleef om aan die voete van ons Here en Meester te sit, hom te sien en te hoor en aan Hom te vat! Dit was ‘n genadevoorreg, maar aan die ander kant seker ook ‘n ontsettende aanklag. Teenoor die volmaaktheid van Christus staan hulle sonde en onvolmaaktheid soveel sterker afgeëts. Teenoor Christus se sondeloosheid en sterk geloof in sy Vader staan hulle klein en swak geloof soveel helderder uit. Geen wonder dat hulle op ‘n dag aan Jesus vra: “Here, gee ons méér geloof” (vers 5). Is dit nie ook baie keer ons gebed nie? Met meer geloof sou ons die hartseer van die lewe beter kon verwerk. Met meer geloof sou ons die beproewinge op ons lewenspad beter kon verstaan. Met meer geloof sou ons vrese en angst kon verdwyn. Let op hoekom vra die dissipels meer geloof. Jesus onderrig hulle in die karakter en inhoud van geloof. Hy sê as’t ware vir hulle: Julle is mense wat glo in My as julle Verlosser. Ja, julle is mense wat glo in die Heilige Gees wat julle bystaan en troos en aan julle die saligmakende geloof skenk. Dit is tog die inhoud van julle geloof, nie waar nie? Gaan dan en oorwin die wêreld daarmee deur liefde en vergiffenis. Selfs geloof so klein soos ‘n mosterdsaadjie het groot krag, en elke bietjie geloof van God se kind is onverdiende genade. Dit is ‘n genadegawe waarmee julle kan gaan werk! Geloof is al wat nodig is om die hemelpoorte binne te gaan!

Sing: Psalm 127:1,2

Ds NW Lighthelm (Pretoria-Alkantrant)